Laerskool Danie Malan
Tel: (012) 546-1358/1368
Faks: (012) 546-0705
Koos De La Reystraat 279
Posbus 16163
Pretoria-Noord 0116
www.daniemalan.co.za
E-pos: navrae@daniemalan.co.za

Tel: (012) 546-1358/1368
Fax: (012) 546-0705
279 Koos De La Rey Street
PO Box 16163
Pretoria North 0116
www.daniemalan.co.za
E-mail: navrae@daniemalan.co.za

OMSENDBRIEF 15 – MEI 2018

Geagte ouers

LEED
Zanmari Kriel in Graad 2 het Maandag met chemoterapie begin. Ons glo en vertrou dat sy volkome gaan herstel. Sterkte aan haar en haar gesin.

PERSONEEL
Baie geluk aan Me. Desiré van Niekerk asook Me. Monique du Plessis wat op 8 Mei verjaar en Mnr. Kobus Gouws wat op 10 Mei verjaar.

DATUMS VIR KWARTAAL 2 VAN 2018
NEEM KENNIS DAT DIE EKSAMEN DATUMS VERANDER. ONS HET DIE PROVINSIALE EKSAMEN SE DATUMS NOU EERS ONTVANG.

08 Mei	**Netbal teen Akasia (weg)** **Rugby teen Villeria (weg)** **ATKV Spelathon Huistaal (finaal)** **Rugby 0/12 + 0/13 proewe (Grizzlies)**
09 Mei	**Tafeltoertjies Gr R – 7** **Skaak teen Voortrekker Eeufees en Rachel de Beer by Rachel de Beer** **Krieketproewe – O/12 en O/13**
10 Mei	**HEMELVAARTDAG – geen oefening** **Rugby finale proewe (Grizzlies)** **PANTOFFELDAG – BETAAL R10 EN KOM SKOOL TOE MET PANTOFFELS EN JOU SKOOLKLERE. VANG GEES VIR GROOT FM. SAMEL GELD IN VIR "REACH FOR A DREAM FOUNDATION" WAT KINDERS MET ERNSTIGE SIEKTES HELP OM HUL DROME TE BEWAARHEID.**
11 Mei	**Kaskar en Groot FM. Skool kom 11:00 uit.** **Leerders 07:00 by die skool.** **LAASTE DAG VIR FOTOBESTELLINGS**
14 Mei	**Sokker teen Voortrekker Eeufees (tuis)**
15 Mei	**Netbal teen Voortrekker Eeufees (tuis)**
16 Mei	**Skaak teen Prestige by Rachel de Beer** **Krieketproewe – O/9 – O/11**
17 Mei	**Netbal teen Tuine (weg)** **Rugby teen Tuine (weg)**
18 Mei	**ATKV Redenaars Semi finale tot 16 Junie**
19 Mei	**Mini-Netbal by Laerskool Generaal Beyers O/6 - O/9**
21 Mei	**Sokker teen Tuinrand (weg)**
22 Mei	**EKSAMEN BEGIN** **EKSAMEN: GEOGRAFIE Gr 4 - 7**
23 Mei	**Krieketproewe – O/12 en O/13**
24 Mei	**Netbal teen Theresapark (weg)** **Rugby teen Hermanstad (tuis)** **EKSAMEN: AFRIKAANS (TAAL EN BEGRIP)**
25 Mei	**Leierraakvat**

	ATKV Olimpiade Gr 7 Huistaal en 1ste Addissionele Taal sluit **Mini Netbaldag vir 7 + 8 jariges (L/S Wierdapark)**
26 Mei	**Mini Netbaldag vir 6 – 9 jariges (L/S Tuine)**
28 Mei	**EKSAMEN: TEGNOLOGIE**
29 Mei	**EKSAMEN: LO (Gr 7)**
30 Mei	**EKSAMEN: PSW (Gr 4 - 6)** **Graad 7 uitstappie na korrektiewe dienste**
31 Mei	**Graad 7 uitstappie na korrektiewe dienste** **Rugby teen Voorpos (weg)**
1 Junie	**Graad 1 uitstappie**
4 Junie	**EKSAMEN: GESKIEDENIS**
6 Junie	**EKSAMEN: EBW**
7 Junie	**EKSAMEN: ENGELS (Gr 6 Provinsiaal)** **Rugby teen Die Poort (weg)**
11 Junie	**EKSAMEN: WISKUNDE (Gr 6 Provinsiaal)** **KOOP 'n KOLWYNTJIE VIR R10. BESTELLINGS SLUIT 11 JUNIE 2018. (R5 VAN DIE GELD WORD AAN DIE BEHOEFTIGE FONDS GESKENK). KOLWYNTJIES SAL OP 22 JUNIE UITGEDEEL WORD.**
12 Junie	**EKSAMEN: SKEPPENDE KUNSTE (Gr 7)**
13 Junie	**EKSAMEN: NW EN TEGNOLOGIE (Gr 4 - 6) NW Gr 7 (Gr 6 Provinsiaal)**
15 Junie	**Leierraakvat**
16 Junie	**Slow pitch day – skool**
18 Junie	**Graad R - 3 Rapporte uit**
19 Junie	**17:30 Graad R - 3 oueraand**
22 Junie	**11:00: SKOOL SLUIT** **Markdag: Gr 6 – geen boeties, sussies, vriende en familie wat nie van Danie Malan is nie mag saam met die leerders skool toe kom nie.** **Leerlinge betaal R5 vir behoeftige fonds en dra gewone klere.** **KOLWYNTJIES WORD OP 22 JUNIE UITGEDEEL.**

EKSAMEN

Neem asseblief kennis dat die **Graad 7 Lewensorientering Eksamen** weens die uitstappie van 30 en 31 Mei geskuif word na **29 Mei. Die Graad 4 – 6 PSW Eksamen** sal steeds op **30 Mei** geskryf word.

KASKAR EN GROOT FM OP 11 MEI 2018

Ons het reeds R164 342.69 ingesamel met die Kosfees EN Kaskar. Baie dankie aan elke ouer wat die projek ondersteun het.

Soos u seker weet beplan ons 'n Kaskar wedren op Vrydag 11 Mei.

- Groot FM gaan op 11 Mei by die skool uitsaai
- 06:30 - Ouers / en klasse kan begin met voorbereiding van kuipe
- 06:50 – 07:00 – Beweeg na pawiljoen
- Al die leerders moet reeds 07:00 op die pawiljoen sit in die klere wat hul met die kaskarwedren gaan aantrek in klasverband
- 07:00 – Open met gebed
- 07:15 - Juniors beweeg na kuipe
- 07:30 – 08:30 – Kaskar juniors
- 08:00 – 08:45 – Groot pret uitdagings saam met borge
- 08:16 – Hoofleiers onderhoud
- 08:24 – Onderhoud: hoof
- 08:35 – Onderhoud: sanger
- 09:00 – Ruben Dalmage vang Groot gees saam met leerders
- 09:15 – Kunstenaar tree op
- 10:45 – 10:50 Kaskarwedren Gr 4 – 7
- 11:00 - Leerders verdaag
- Die skool sal die Vrydag dan 11:00 uitkom

UITTEKEN VAN LEERDERS GEDURENDE DIE SKOOLDAG

Geagte ouers wanneer 'n ouer net by die skool opdaag om sy / haar kind uit te teken en daardie leerder uitgeroep moet word is dit uiters ontwrigtend. Hierdie praktyk het so ge-eskalleer dat die skool se navrae toonbank bykans tot stilstand kom en klasse konstant ontwrig word veral op Vrydae.

- "Geen ouer het die reg om 'n leerder sonder 'n geldige rede uit die skool te hou nie (Departement van Basiese Onderwys se Beleid op skoolbywoning 2010).
- Vakansie en privaatsake is nie 'n geldige rede nie (Departement van Basiese Onderwys se Beleid op skoolbywoning 2010).

- Indien ‘n leerder wel met ‘n geldige rede gedurende die skooldag die skool moet verlaat, moet die skool ten minste die dag voor die tyd daarvan verwittig word per brief deur die ouer. Geen e-posse, fakse of sms’e sal aanvaar word nie, slegs ‘n brief met die oorspronklike handtekening van die ouer.
- Hierdie brief word deur die leerder aan die graadhoof sowel as die betrokke vakpersoneel getoon. Die personeel teken dan die brief.
- Op die gegewe dag en tyd wat die leerder die skool moet verlaat, sal die leerder self verskoning maak by sy / haar vakonderwyser en die brief toon.
- Geen leerder sal meer net uit ‘n klas geroep word nie.
- ‘n Leerder sal slegs toegelaat word om die terrein te verlaat indien die wettige ouer of voog sodanige leerder self kom afhaal, geen leerder sal op eie verantwoordelikheid toegelaat word om die terrein te verlaat nie.
- Ouers wat hul leerders op Vrydae vroeër wil kom uitteken sonder ‘n bewys van ‘n doktersbrief moet die leerders by die hoof kom uitteken en nie meer by ontvangs nie.

GHOLF
Baie geluk aan Leigh Loots wat Gauteng-Noord klere verwerf het in Gholf. Ons is baie trots op jou.

RUGBY
Die volgende spanne het teen Midstream Ridge gespeel op 3 Mei 2018 en die uitslae is soos volg:
O/9A wen 20 - 5
O/10A wen 19 - 7
O/11A wen 29 - 5
O/13A wen 58 - 0
Baie geluk aan die spanne. Oons is baie trots op julle.

NETBAL
O/8 – O/13 het Dinsdag 24 April teen Rachel de Beer gespeel. Ons wen 11 uit die 12 wedstryde. Baie geluk meisies! Die uitslae is soos volg:
O/8 A wen 5 - 0
O/8 B wen 2 - 1
O/9 A wen 9 - 1
O/10 A wen 9 - 1
O/10 B wen 4 - 0
O/11 A wen 20 - 4
O/11 B wen 10 - 2
O/12 A wen 8 - 7
O/12 B wen 16 - 3
O/13 A wen 26 - 0
O/13 A wen 12 - 2
Die Mini Netbal se uitslae op 5 Mei is as volg:
O/7 Speel 6 en wen 4
O/8 Speel 6 en wen 5
O/9 Speel 6 en wen 5
Dit was is suksesvolle dag en die kinders het dit baie geniet.
Ons speel Dinsdag 8 Mei by Laerskool Akasia O/9 – O/13

SOKKER
Ons 0/11 Sokker span het 3 - 0 gewen op 3 Mei teen Curro Mamelodi. Baie geluk. Ons is trots op julle.

SKAAK
Die uitslae van die skaak soos gespeel op 3 Mei is as volg:
O/13 ons wen 5 - 1 teen Voortrekker Eeufees
0/13 speel gelyk 3 - 3 teen Akasia
O/11 speel gelyk 3 - 3 teen Voortrekker Eeufees
0/11 speel gelyk teen Akasia 3 - 3
Baie geluk. Ons is trots op julle. Hou so aan.

KRIEKET PROEWE
Neem asseblief kennis dat krieket proewe sal plaasvind op die volgende datums:
Woensdag 9 Mei - O/12 en O/13 vanaf 14:14 - 16:15
Woensdag 16 Mei - O/9 – O/11 vanaf 14:14 - 16:15
Woensdag 23 Mei - O/12 en O/13 vanaf 14:14 - 16:15

ATKV REDENAARS
Baie geluk aan Mia Rynners wat deurgedring het na die Semi-finaal. Ons is baie trots op jou.

SPELATHON GR 4 - 7 WENNERS 2018

AFRIKAANS HUISTAAL
Graad 7:
1. Lisa Langley
2. Annika Jacobs
3. Jessi Bedingfield

Graad 6:
1. Trevor Lombard
2. Martinè Pistorius
3. Deunè Bosch

Graad 5:
1. Juanè de Wet
2. Jeaneli de Villiers
3. Jason Fourie

Graad 4:
1. Leandri Botha
2. Lara Farrell
3. Suray Olwagen

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL
Graad 7:
1. Awa Shangwe
2. Kea Masupye
3. Junior Swelempi

Graad 6:
1. Lathi Tsobo
2. Oageng Makgatho
3. Kyra Jenner

Graad 5:
1. Reneilwe Mashigo
2. Tshimi Seopa
3. Koki Moloisane

Graad 4:
1. Nathan Mwata
2. Tsepo Makhura
3. Khutso Nonyana

Baie geluk aan die leerders.

SPELLING BEE GR 4 - 7 WENNERS

ENGELS HUISTAAL
Graad 7:
1. Brandon Bowles
2. Leonard McGeer
3. Jayden Mentor

Graad 6:
1. Trevor Lombaard
2. Deuné Bosch
3. Quilline van der Merwe

Graad 5:
1. Danique Viljoen
2. Michael Flanagan
3. Usenathi Kenene

Graad 4:
1. Suray Olwagen
2. Leandri Botha
3. Langa Mpofu

ATKV SPELETHON
Kayla Jacobs, Junior Swelempi en Unam Hewu het deurgedring deur na Gauteng finaal vir ATKV Spelethon. Unam Hewu het ‘n eerste plek behaal en Junior Swelempi ‘n sesde plek. Baie geluk. Ons is trots op julle.

FOTO’S BESTELLINGS
Neem kennis dat die foto bestellings 11 Mei sluit. U het reeds ‘n bestelvorm ontvang.

TAFELTOERTJIES
Die Jaarlikse Tafeltoertjies (Gr R - 7) sal plaasvind op Woensdag 9 Mei. Die leerders het reeds die borgvorms ontvang. Die geld wat daarmee gemaak word, gaan gebruik word vir akademiese benodigdhede.

KONSERT
Die konsert gaan in kwartaal 3 plaasvind. Elke leerder wat deelneem gaan R180 vir konsertklere moet betaal. Ons moet reeds van die klere bestel en laat maak sodat dit betyds reg kan wees. Elke leerder van Graad R - 7 kan deelneem. Voltooi asb. die afskeurstrokie in en stuur so gou as moontlik terug skool toe. U is welkom om die konsertklere af te betaal. Gebruik u familiekode en konsertklere as verwysing. Indien u van 1 Mei tot 1 Junie in paaiemente betaal sal dit u R90 per maand kos. Leerders wie se ouers vir vrystelling aansoek gedoen het en ontvang het en hulp benodig met die betaling van die konsertklere kan 'n brief aan die skoolhoof skryf en versoek dat die konsertklere geborg word. Ouers wat kan, is ook welkom om 'n minder bevoorregte leerder se klere te borg. Ons sal toesig reël tydens oefeninge in kwartaal 3 vir die leerders wat nie aan die konsert wil deelneem nie. Die leerders geniet dit gewoonlik baie en kry net drie geleenthede in hul laerskoolloopbaan om daaraan deel te neem.

BROODSAKKIE-KNIPPIE-PROJEK
Vir elke 200 broodsakkies vol knippies wat ingesamel word kan 1 rolstoel aan 'n minder bevoorregte kind geskenk word. Ons wil u dus aanmoedig om nie die knippies weg te gooi nie, maar na kamer B1 te stuur.

OU SKOOLDRAG SKENK
Die klerebank is dringend opsoek na skoolskoene vir behoeftige leerders. Groottes 1, 2, 3 en 4 asseblief. Onthou asseblief om ou skooldrag wat nog in 'n goeie toestand is en skoon is aan die klerebank te skenk. Ons benodig ook Atletiekdrag en Vrydagdrag hempies en broekies.

BROODJIEHUIS
Ons benodig dringend pap, melk, suiker en margarien vir die broodjiehuis. Ons voorsien die behoeftige leerders van pap in die oggende. Indien ouers ons kan help sal dit opreg waardeer word. Items kan by die kantoor ingehandig word. Indien u broodjies vir pouses kan maak kontak asseblief vir Altje Conradie by 082 372 7093. 'n Ouer kry slegs een maal per maand die geleentheid om broodjies te maak. U is ook welkom om 'n kontant skenking te maak vir ons behoeftige fonds. U kan 'n EFT betaling maak met die verwysing "Broodjieprojek".

KLEREBANK TYE
Die klerebank sal oop wees op Dinsdae en Donderdae vanaf 06h45 tot 07h00 en dan weer 14h00 tot 14h15. Ons wil ouers asseblief vriendelik versoek om asseblief by hierdie tye te hou.

ONBEKENDE DEPOSITO'S
Die volgende elektroniese betalings ontvang, se verwysingsnommers is foutief en kan nie na die korrekte skoolrekening geallokeer word nie.

Datum	Verwysing gebruik	Bedrag
2018-01-15	SHALE	R900.00
2018-02-08	Laerskool Dsnie Malan	R1 000.00
2018-03-26	1781 school fund	R1 000.00
2018-04-24	Skool Fotos	R210.00
2018-04-30	SCHO 02	R100.00

Kontak asb. finansies om regstellings aan te bring.
Neem asseblief kennis: U moet u familiekode as verwysing gebruik. Indien u vir skoolfonds en naskool saam betaal, moet u saam met die familiekode 'n SK vir skoolgeld en NA vir naskool byvoeg. Indien u vir iets anders betaal behalwe skoolgeld moet u die familiekode en 'n addisionele verwysing soos Behoeftige fonds byvoeg.

LANDLOOPOEFENING
Daar is elke Maandag tot Vrydag gratis landloopoefening by Hillside Golfbaan van 16:50 – 18:00. Skakel asb. die afrigter, Wessel du Toit by 079 544 1398 vir meer inligting.
Klub-datums:

- Saterdag 12 Mei Tshwane University of Technology by TUT Main Campus (mnyengezammb@tut.ac.za)
- Saterdag 19 Mei Monaco by TUT Soshanhuwe (joescabaloyi@gmail.com)
- Saterdag 26 Mei Transnet by Kilner Park (aaron.mabena@transnet.net)

Leerders skryf self vir die landloopbyeenkomste in. Dit is baie goeie voorbereiding vir die landloopseisoen van die skool wat in die derde kwartaal begin.
Onthou dat daar elke Saterdag om 08:00 'n gratis "Parkrun" van 5 km by Hillside Gholfbaan is. Registreer by https://www.parkrun.co.za/register/ vir 'n "Parkrun" en neem u hele gesin vir so 'n uitstappie op 'n Saterdag.

NASKOOL
Kontak vir Joeanne Tintinger by 081 562 9907 vir meer inligting.

LOSIE / LAPA UITVERHUUR
Ons verhuur die skool se Lapa uit vir funksies met breekware en stoele en tafels ingesluit teen R2 500 per geleentheid, met 'n R500 deposito. U is welkom om die losie te bespreek by ontvangs@daniemalan.co.za of te skakel en met Annatjie Degenaar te praat.

GEBEDSGROEP
Ons mammas bid elke Woensdag oggend by Danie Malan vir verskeie sake, onder andere vir u kind in Danie Malan. Daar is baie krag in gebed, daarom vra ons kom bid asseblief saam met ons vanaf 07h00 tot 08h00. Vir enige navrae skakel gerus vir Liza by 073 310 1074.

Groete

Hettie Smith
Skoolhoof